FEITEBLAD NO. 4:

# MARKGELEENTHEDE VIR ORGANIESE BEESVLEIS



Organiese landbou spreek sowel gesondheids- as etiese kwessies aan. Verbruikers word gelok deur organiese produkte en vleis vir die bekende gesondheidsvoordele daarvan, aangespoor deur hul groeiende ekologiese bewussyn.[1] Produsente trek voordeel uit die groeiende vraag na organies-geproduseerde voedsel.

## Markdinamika vir organiese produsente

Konvensionele landbouprodukte word as kommoditeite verhandel aangesien dit op grootskaal geproduseer en hanteer word, met beperkte naspeurbaarheid van plaas tot vurk. Verbruikers het meestal geen skakel met die plase waar hul kos geproduseer is nie. Konvensionele kommoditeite is onderhewig aan wisselvallige markmeganismes wat buite die beheer van boere is, maar organiese produkte word binne 'n ander dinamiek verhandel. Verbruikersverwagtinge lei die produksie en handelsverhoudinge, wat op hul beurt gebou is op integriteit en duidelike naspeurbaarheid.

Terwyl konvensionele kommoditeite onderhewig is aan wisselvallige markmeganismes buite beheer van boere, is organiese waardekettings en gepaardgaande pryse geneig om meer stabiel te wees,[2] 'n direkte voordeel van gesonde verhoudings tussen alle skakels in hierdie ketting. Vanaf die aanvang van erkende organiese produksie het organiese boere groter beheer oor die bemarking van hul produkte geneem en sodoende toegang tot 'n groter deel van die waardeketting verkry. Organiese produkte is ook geneig om pryspremies in kleinhandelmarkte te geniet, sowel as voorkeurplasing.

Internasionaal en toenemend ook plaaslik verhandelde organiese produkte word gesertifiseer om beide verbruikers en boere teen valse eise te beskerm. Organiese sertifisering deur 'n onafhanklike en geakkrediteerde entiteit is nou 'n kritieke deel van die organiese waardeketting om gehalteversekering te verskaf, hoewel dit 'n duur proses kan wees.

Namibië het reeds jare lank uitvoermarkte vir sy vrylopende beesvleis na Europa, veral Noorweë. Minder as 2% van kleinhandel voedselverkope in Noorweë is organies, vergeleke met die Duitse gemiddelde van byna 6%.[5]

## Potensiële groei in uitvoermark

Daar is 'n groeiende vraag na organiese Namibiese vleis van stedelike verbruikers in die naburige Suid-Afrika. Alhoewel SA self 'n beesvleisuitvoerder is, het hul egter 'n swak beeld in die mark as gevolg van die omarming van geneties gemodifiseerde organismes en uitgebreide voerkraalpraktyke. Dit is egter tans 'n beperkte mark, weens die beperkte koopkrag van die meerderheid van die bevolking.


Op internasionale markte het Namibiese beesvleis – hoewel dit 'n klein speler is – 'n goeie reputasie as 'n voortreflike nisproduk. Die waardeketting na internasionale markte is volwasse en gevestig.

Die plaaslike mark vir organiese vleis

Namibiese verbruikers het min opsies om organiese vleis te koop aangesien baie min boere deur die verpligte omskakelingstydperk gegaan het en hul produksie as organies gesertifiseer is. Daar is egter 'n mark vir organiese produkte, veral in die groter stede. Die pryspremie in Namibië wissel van 5% tot 20% vir gesertifiseerde organiese beesvleis, afhangende van die snit.

Internasionale markte vir organiese beesvleis

Na verwagting hoort die globale organiese vleismark te groei teen 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 7% in die volgende drie tot vyf jaar,[3] meestal in die Verenigde State en die Europese Unie. Organiese beesvleis ontvang 'n pryspremie van 15-20% in Europa, afhangende van die snit, namate wetgewing vir industriële voerkrale strenger word en in die Verenigde State wissel die premie van 40% tot meer as 80%.[4]



## Potensiële plaaslike markgroei

Vleis word as ’n stapelvoedsel in die land beskou, met aansienlike potensiële groei vir die organiese veesektor namate verbruikers se ekologiese bewussyn en hul begrip van die gesondheidsvoordele van organiese produkte groei.

Namibiese veeproduksie is in ’n groot mate reeds ‘natuurlik’, maar baie boere is huiwerig om afstand te doen van voer in sakke en ureum gedurende die droë seisoen. Boere wat dit gedoen het, rapporteer effens laer gemiddelde daaglikse gewigstoename vir hul beeste, maar is in staat om kritieke prestasie-aanwysers van goeie vrugbaarheid en produksie per hektaar te bepaal. Dit is onder toestande van goeie weidingbestuur en boerdery met aangepaste rasse.

Kleinhandelmarkte vir organiese vleis sluit in die Windhoek Green Market, die Organic Box (aanlynwinkel), FarmGanic in Swakopmund en SuperSpar (landwyd).

**Daar is dus ruimte om die plaaslike mark te laat groei en voordeel te trek uit die uitvoer van organiese vleis na internasionale markte.**

[1]Burrows, D. (June 9, 2022). How organic food can navigate the cost-of-living crisis. https://www.just-food.com/features/how-organic-food-can-navigate-the-cost-of-living-crisis/#:~:text=Price%2Dwise%2C%20organic%20prices%20have,and%20organic%20is%20therefore%20shrinking.
[2]Burrows, D. (June 9, 2022). How organic food can navigate the cost-of-living crisis. https://www.just-food.com/features/how-organic-food-can-navigate-the-cost-of-living-crisis/#:~:text=Price%2Dwise%2C%20organic%20prices%20have,and%20organic%20is%20therefore%20shrinking.
[3]Research and Markets. (2021). Organic Meat Products Global Market Report 2021: COVI-19 Growth and Change to 2030. https://www.researchandmarkets.com/reports/5321480/organic-meat-products-global-market-report-2021
[4]FiBL. (2022). The world of organic agriculture: statistics and emerging trends 2022. https://www.fibl.org/fileadmin/documents/shop/1344-organic-world-2022.pdf
[5]FiBL. (2022). The world of organic agriculture: statistics and emerging trends 2022. https://www.fibl.org/fileadmin/documents/shop/1344-organic-world-2022.pdf

**© Namibian Organic Association, 2022.**

This factsheet was funded by the Namibian Organic Association as part of the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSA). This knowledge product can be copied, reproduced, adapted, translated, used to make derivatives and disseminated for not-for-profit and/or educational purposes only. It cannot be used for commercial purposes in any way, shape or form.

The Namibian Organic Association, the Knowledge Centre for Organic Agriculture in Africa (KCOA), the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSA), the German Federal Ministry for Economic Cooperation and Development (BMZ) and the Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH must be acknowledged as the source; but the logos of these organisations must not appear on any adaptation, translation nor derivative.

**Ontmoet NOA – Die Namibiese Organiese Assosiasie**

NOA is ’n lidmaatskap-gebaseerde organisasie wat in 2009 op die been gebring is deur ’n groep dinamiese produsente en verbruikers, met die gemeenskaplike doel om die organiese landbousektor in Namibië te bevorder.

**Ontmoet KHSA – die suider-Afrikaanse kerngroep kundiges oor organiese landbou**

KHSA vorm deel van die Afrikaprojek met ’n soortgelyke missie (KCOA), wat lande saamsnoer in ’n vennootskap befonds deur die Duitse federale ministerie van ekonomiese samewerking en ontwikkeling (BMZ) en wat geïmplementeer word deur die Duitse genootskap vir internasionale samewerking (GIZ) asook nieregeringsorganisasies.
Die projek moedig organiese landboupraktyke aan deur middel van vyf kundigheidsorganisasies in Afrika. Die suider-Afrikaanse kundigheidsgroepering (KHSA), fokus op Zambië, Suid-Afrika, Malawi en Namibië (gelei deur die Namibia Nature Foundation en NOA). Meer inligting is beskikbaar by die KHSA projekbestuurder vir Namibië: noa@nnf.org.na.

**For the full copyright statement scan the QR code.**